

# MALELANE VOORLIGTING NUUSBRIEF

MCGA Building, Mhiati Farm 170 JU, Malelane

Tel : +27 66 114 0656

E-pos / Email: jan.erasmus@sugar.org.za

www.sasri.org.za



## Chemiese uitroei van smut

'n Goeie tyd om smut uit te roei (die verwydering van die smut besmette stoel) is sodra die besmette plant geidentifiseer kan word na plant of na oes.

Oor die algemeen word twee tipes smut uitroei metodes beoefen:

- (1) Per hand uitroei (fisiese verwydering van die stoel)
- (2) Chemiese uitroei (wanneer die besmette stoele met 10% glifosaat gespuit word)

'n Vergelyking tussen die koste en doeltreffendheid van die twee uitroei metodes is onlangs gedoen.

*Die per hand uitroei studie het gefokus op die tyd wat dit neem om:*

- Afsny van die smut riempie en dit plaas in 'n sak
- Uitskoffel van die besmette plant
- Die oordra van die plant na sak vir verwydering uit die land

*Die chemiese uitroei studie het gefokus op die tyd wat dit neem om:*

- Afsny van die smut riempie en dit plaas in 'n sak
- Die spuit van die besmette plant

## Chemiese uitroei was meer doeltreffend in terme van tyd en koste per hektaar!

'n Deurlopende deel van die studie is die toets van 'n eenvoudige Excel-berekeningstoepassing wat ontwikkel is om die koste van die twee metodes te vergelyk gebaseer op faktore soos landgrootte, ryspasiëring, infeksievlakke, arbeid en afstand na die stortingsterrein.



Indien u wil deelneem aan die studie of u plaasarbeid wil oplei om chemiese uitroei te doen, kontak asseblief vir Jan Erasmus of Karlien Trumpelmann.